# Veilingsnuus Aug 2024

Geagte Bonsmara vriende,

Ons skryf die brief in vertroue in ons Skepper en ook in dankbaarheid vir Sy versorging die laaste jaar. Menige struikelblokke is oorwin en in Mei het ons die 1ste Zinabos Herfsveiling suksesvol afgehandel. Dankie vir al die kliente wat ons so goed ondersteun het.

Dit baan die weg vir 'n Aug 2024 aanbod van uitstekende 2,5 jr en 3 jr bulle wat ons aan die mark bied. ***Ons moet onthou dat teen die tyd dat die kalwers verwek deur hierdie bulle, in die mark kom, die kalfprys weer 'n 7jaar prysverhoging behoort te gee. Belê dus in goeie genetika teen billike pryse en oes duur kalwers oor 2 jaar.***

Net 'n paar hoogtepunte van die Aug 2024 aanbod:

- **26 Bulle uit 47 se kalfgemak is geskik vir verse (55%) en 'n gem. Geb. massa van 32 kg oor al die bulle;**
- **31 Bulle uit 47 se koeiwaarde is 4 ster tot 5 ster m.a.w. die maternale genomiese eienskapppe op die aanbod is uitstekend (70%) – dit impliseer dat u met gemak die vroulike nageslag kan terughou om u kudde te bou;**
- **Die gem. speen massa van die bulle as % van hul moermassa is 48.3% met 'n speen direk van +21.1 teenoor rasgemiddeld van +14.9;**
- **Naspeen groei +40 teenoor rasgem. van +24 en Skrotum +17.2 vs +13.5;**
- **Liggaamslengte van +32 teenoor rasgem. van +18; GDT +188 vs +111 en VOV -69 vs -47;**
- **Gem karkaswaarde van +118 op die veilings aanbod en slegs 2 bulle onder 100;** (Die Zinaboskudde is voorlopers in karkaswaardes en veral oogspier, vet en marmering met RTU metings van oor 4500 bulle);
- 83% van die bulle is skoon vir Myostatin en 'n algemene opmerking van uitstekende kapasiteit en sagte bevlesing van die bulle op die veilin;
- Die Zinabos kudde is onder die beste kuddes by Prestasiemeting al vir 30 jaar en vanjaar die 2de beste onder alle rasse by SA Stamboek – **U kry dus erfdwang op Vrugbaarheid, Aanpasbaarheid (groei), Langslewendheid, Maternale eienskappe asook Karkaseienskappe.**

Vervolgens die bespreking van die bulle:




**<u>Lot 1 CEF210407</u>**: Die bul met gladde vel en haar en ligte geb. Mas. 32 en wat speen teen 50% van sy moeder se gewig. Hy is donkerrooi met uitstekende balans met korrekte geslagsorgane, kloue en mooi korrekte stertaanhegting en pragtige kapasiteit en bespiering. Ideale bul om verse mee te open uit top versbulle nl. TMB170554,TOR070049 en CEF130317 - 'n bul uit top genetika! Ons behou een semenaandeel wat reeds getap is van die bul.




**<u>Lot 2 CEF210443</u>**: Nog 'n donkerrooi seun uit TMB170554 en ook geskik om verse mee te open. Die bul het ook baie goeie groei, koeiwaarde en karkaswaarde. Hy is breed en diep met uitstekende kapasiteit en korrekte kloue en geslagsorgane. Speen 54% van moermassa.




**<u>Lot 3 CEF210440</u>**: 'n Pragtige manlike bul met baie kapasiteit en balans. Ook 'n goeie maternale bul uit goeie moeder met TKP 362 en gem. speen van 104. Sy bouvorm is korrek in alle opsigte: Kop, bek, toplyn, stertaanhegting, skrotum, skede en pote en kloue. Speen ook 55% van moermassa.




**<u>Lot 4 CEF210547</u>**: **'n Vier en half ster bul uit CEF180520** wat uitstekende vroulike en manlike nageslag in die Zinabos kudde agtergelaat het. Hy is een van die mooiste gebalanseerde bulle uit die Zinabos stal met uitstekende teelwaardes in alle opsigte en speen 51% van moermassa. Die bul se stamboom is ook indrukwekkend met **CEF180520** - uitstekende bouvorm, kapasiteit en karkas eienskappe; **CEF130548** wat uitstekende maternale eieskappe en ligte geb. Mas. geteel

het asook uitstekende moeders aan albei kante. Die bul is ook vol agter die blad, goeie oogspier ontwikkeling, lang agterkwart en lang boud wat tot onder die knie neig. Geskik vir verse.



**Lot 5 CEF 210431:** 'n Baie mooi korrekte vier ster seun van TMB170554 met breë kop en bek, manlike kop en mooi toplyn. Hy is 'n goeie maternale bul met uitstekende speenkalfwaarde, vrugbaarheid, koeiwaarde en karkaswaardes.



**Lot 6 CEF210427:** 'n Vier ster bul uit CEF180520 met uitstekende diepte, breedte en kapasiteit met gladde vel en haar en sterk been Hy is korrek in been, kloue, skede, testes en lang kruis met uitekende vleiseienskappe. Hy is geteel uit beide CEF180520 en LAR140064 en uitstekende moeder en grootmoeders wat uitstekende melk, en goedkeurings in hul nageslag gehad het. Kyk veral na sy ouma CEF090017 wat uitstekend geteel het en ook die ouma is van lot 9. Sy verkoop ook 'n aanh B bul vir R170,000. Hy speen 51% van moermassa en ons beveel die bul sterk aan en behou een semengebruik van die bul.



**Lot 7 CEF210475**: 'n 5-ster bul uit CEF170545 verkoop vir R320,000 aan TMB en TKB Bonsmaras. Die bul beskik oor uiters voordelige Genomika: Kalwingsgemak(105), Speenkalfwaarde (127), Vrugbaarheidswaarde (121), Koeiwaarde(132), Groeiwaarde(133) en Karkaswaarde van 133. Boonop is die bul fenotipies korrek gebou met pragtige breë toplyn, lengte van lyf, diepte, kortom goeie kapasiteit. Hy het pragtige diepte van hiel en sterk kloue en goeie been met lang kruis. Hy is manlik met sterk kop en bek en vol in sy blad en buitedye. Sy moeder en grootmoeder aan vaderskant is uitstekende koeie. Ons behou ook een semengebruik in die bul en hy is geskik vir verse.

**Lot 8 CEF210432** : 'n Top seun van TMB170554 uit 'n pragtige CEF130317 dogter met sterk manlike kop, breë bek en goed ontwikkelde skof. Hy is breed oor sy rug en agterkwart en baie mooi in balans. Sy moeder het baie melk met gem. speen van 109/4 en weeg 48% van moer gewig by speen. Die kloue, skede, testes en stertaanhegting is alles mooi en korrek – 'n voortreflike 8-punt bul vir die fynproewer. Ons behou ook een semengebruik van die bul.




**Lot 9 CEF210434**: 'n Breë, donkerrooi, sag bevlese dik bul met baie kapasiteit en 'n groot skrotum. Hy kom ook uit 'n ou, goeie vrugbare moeder nl. CEF120449 en CEF170516 – ook vaar van lot 3. Goeie speen direk, groei en karkas waardes.



**Lot 10 CEF210402**: 'n Pragtige, sag bevlese, dik bul met manlike skof, nek en kop. Hy is breed en baie diep en sy oogspier gaan mooi agter in sy skouerblaaie. Die buitedye is vol vleis en sy kloue is kort met mooi hieldiepte. 'n Sterk bul met hope potensiaal en ook uit die top moederlyn van lot 6, nl. CEF090017. Die bul het goeie kalwingsgemakwaarde -112, Melkwaarde -114, vrugbaarheid van 126, koeiwaarde van 121 en 4 ster op Genomiese waardes. Beveel hom sterk aan.



**Lot 11 CEF210489:** Nog 'n 4-ster bul met goeie breedte, sterk been, met kalwingsgemak van 113, speenkalf waarde van 113, vrugbaarheid van 110 en koeiwaarde van 117.



**Lot 12 CEF220357**: Uitstekende donkerrooi kleinseun van CEF130317 met gladde vel en haar. Hy dra al die goeie eienskappe wat 'n mens van bul wil hê. Manlik van kop tot stert, pragtige toplyn met goeie aansluiting van voor, middel en agterkwart, regte balans tussen toplyn, onderlyn, diepte en kapasiteit. Hy is korrek op sy pote en sterk been asook korrekte geslagsorgane. Die bul is 4-ster in Genomiese koeiwaardes en uitstekend op kalwingsgemak (130), Vrugbaarheid (114), Koeiewaarde (115)en karkaswaardes (120). Hy weeg 53.5% van sy moermassa by speen. Ons hou 'n semengebruik van die bul.



**Lot 13 CEF220331:** 'n Bul met uitstekende kapasiteit en bogemiddeld op al sy teelwaardes deur die bank. Sterk breë bek, manlike kop en sterk skof en mooi gladde vel en haar wys al die

eienskappe van 'n dier wat wyd behoort aan te pas. Hy kombineer ook al die goeie lyne in die Zinabos kudde – CEF100304, CEF130548 en 'n seun van CEF180520. By speen weeg hy 55% van sy moermassa.




**<u>Lot 14 CEF220404:</u>** 'n Top seun van CEF180480 (CEF130317) wat baie manlik is met gladde donkerrooi vel en haar. Hy is ook sag bevlese met uitsondelike lengte en kapasiteit. Sy geslagsorgane is perfek (skrotum 127) en speenkalf waarde 135, vrugbaarheid 113, koeiwaarde 123, en karkaswaarde 138. Hy is een van die beste seuns uit CEF180480 en ons behou een semengebruik.

**<u>Lot 15 CEF220315:</u>** Is een van die beste seuns uit MBT180199 uit, dogter van CEF130548 – top koei in die Zinabos kudde en 5-ster koeiwaardes beaam dit. Hy is lig op geboorte (kalfgemak 103) maar goed op speenkalf -130 vrugbaarheid, -118 koeiwaarde, 130 en karkaswaarde van 130. Hy is donkerrooi met gladde vel en haar en genoeg diepte en kapasiteit. Geskik vir gebruik op verse.

**<u>Lot 16 CEF220384:</u>** 'n Donker, bonkige, breë, vroegryp bul uit 317 familie met goeie karkaswaardes en geskik vir gebruik op verse.

**<u>Lot 17 CEF220409:</u>** Goeie speenkalf bul met baie groei en goeie karkaseienskappe.




**<u>Lot 18 CEF220303:</u>** 'n Mooi sag bevlese bul met kalfgemak -107 met genoeg groei en goeie karkaseienskappe. Die bul het mooi toplyn, sterk kloue, en ideale skrotum en skede. Die bul behoort enige kudde tot voordeel te wees.




**<u>Lot 19 CEF220369</u>**: Mooi gladde haar donker bul met genoeg bespiering, hy het van die meeste potensiaal tov groei en karkaswaardes. Die ideale "all rounder" om veral goeie speenkalwers te teel.




**<u>Lot 20 CEF220372</u>**: Die bul kom uit 'n moederlyn wat baie goed teel; CEF060035 het uitstekend geteel en al haar nageslag is goed gekeur asook haar dogter CEF140236, wat een van die top Golden Oldies op die veiling is. Boonop is die bul ook baie korrek in alle opsigte - bouvorm en tipe. Die bul is Aanhangsel B maar 'n uitstekende kommersiële bul.




**<u>Lot 21 CEF220410:</u>** Een van die bulle met uitstaande syfers en pragtige bouvorm en konformasie. Die bul is lank en diep met goeie kapasiteit; hy beweeg maklik en het goeie diepte van hiel in sy kloue; sy geslagsorgane is baie goed gevorm en geplaas; hy is manlik met goeie toplyn – voortreflike jong seun van CEF180480. Aan moederskant is al die voorsate vrugbaar, het baie melk en is langslewend. Sien ook sy teelwaardes op speenkalf 138, koeiwaarde 120 en karkaswaarde van 144!!

**<u>Lot 22 CEF210496:</u>** Kalfgemak bul uit top ou koei met TKP 362 – goeie maternale bulletjie.




**<u>Lot 23 CEF210438:</u>** Mooi gebalanseerde bul met goeie kapasiteit en donkerrooi van kleur. Kalwingsgemak vir verse. Speenkalf waarde 111, vrugbaarheid 110 en karkaswaarde 116.

**<u>Lot 24 CEF210514:</u>** Goeie versbul uit die 317 familie – donkerrooi, gladde vel en haar, uitstekende balans en 'n lang kruis. Top bul uit 'n top moer - laasjaar verkoop as Goue Oue. Speenkalf waarde 101 en vrugbaarheid op 114.

**<u>Lot 25 CEF210541:</u>** Nog 'n goeie versbul met goeie balans, manlik met sterk kop en bek. Groeiwaarde 122, karkaswaarde 123, koeiwaarde 120 en kalfgemak op 113.

**Lot 26 CEF210456:** Goeie versbul met kort vel en haar, goeie lengte en balans – speen 56% van moermassa die bul het uitstekende teelwaardes: kalfgemak 112, speenkalf 124, vrugbaarheid 113, koeiwaarde 125, groei 110 en karkaswaarde 119.




**Lot 27 CEF210486:** Sterk bul met gladde haar, baie kapasiteit, donkerrooi met sterk kloue. Groeiwaarde 118 en karkaswaarde 111.

**Lot 29 CEF220373:** Jong bul wat vol is agter die blad, baie kapasiteit en diepte – speen 63% van moermassa. Speenkalfwaarde 118, koeiwaarde 108, groei 111 en karkaswaarde 116.

**Lot 30 CEF220370:** Uitstekende lengte en balans in bouvorm – 4-ster bul. Al die teelwaardes ook uitstekend – kalfgemak 108, speenkalf 111, vrugbaarheid 110, koeiwaarde 112, groei 111 en karkaswaarde 113.

**Lot 35 CEF220377:** Jongbul met gladde vel en haar, sterk manlike kop en bek, mooi toplyn met oogspier wat uit die skouer kom en goeie balans. Kalfgemak 115, speenkalf 106, en koeiwaarde 107.




**Lot 38 CEF220385:** Halfbroer van Lot 12 met uitstekende diepte, kapasiteit, bespiering en baie manlik – jong moer met TKP 346 en speen gem. 103. Sy groei 115 en karkaswaarde 114.

**Lot 42 CEF210426:** Is ook baie goeie waarde vir geld: vier en half ster bul met lang kruis, groei lengte en uitstekende balans. Die bul het ook uitstekende syfers - kalfgemak 134, langslewendheid 127, vrugbaarheid 123, koeiwaarde 126, groei 119 en karkas 123. Sy moeder is uitstekend en teel CEF190308 – gebruik bul in kudde en verkoop in 2023 vir R140,000.

**Lot 44 CEF220395:** Dik bul uit uitstekende moer – versbul daarby. Teelwaardes is uitstekend met kalfgemak 107, speenkalf 119, vrugbaarheid 116, koeiwaarde 123, groei 125 en karkaswaarde 117. Sy moeder kalf op 7 jr ouderdom gem. speeen van 103 en TKP 363, almal in die winter.

Die koeie op die veiling is streng geselekteer en behoort 'n goeie bydrae in enige kudde te maak. Daar is verskeie top bul telers en voornemende kopers kan ons enige tyd kontak vir nageslag opsommings van die koeie.

Al die diere is beskikbaar vir besigtiging die middag voor die veiling op die perseel –Hoogland.

Verblyf is beskikbaar by Uitzicht Game Lodge en Fouriesburg Country Inn.

Groete,

Fourie Scheepers en span